

10 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 119:1-8

Fokusgedeelte: Psalm 119:1

Dit gaan goed met die wat volgens die Woord van die Here lewe

Die toekoms lê propvol geleenthede voor ons oop, maar soms voel 'n mens raadop en moedeloos. Ons voel so wanneer ons onder die druk van omstandighede die Here en sy Woord buite rekening laat.

Die refrein deur hierdie psalm is: Dit gaan goed met die wat van harte volgens die Woord van die Here lewe!

Die volmaaktheid van die Here se Woord word dwarsdeur die psalm beklemtoon. In elke situasie wys die Here deur sy Woord vir ons die weg; daarom die versugting van die psalmdigter om hom aan die Here se voorskrifte te kan hou (vers 5). Hy verklaar ook (vers 6): "As ek al u gebooie in ag neem, sal ek nooit raadop wees nie." Elke keer as hy die Here se voorskrifte volg, sal hy die getrouheid en die nabyheid van die Here ondervind. Ja, dit sal goed gaan met hom!

As dit met jou goed gaan, beteken dit nie vir jou as 'n gelowige 'n lewe sonder teenstand en versoeking nie, maar dat jy in sulke omstandighede nie aan jouself oor gelaat sal wees nie. Daarvan is ons verseker omdat Jesus Christus in ons plek aan die kruis deur God verlaat is. Deur ons straf op Hom te neem het Hy vir ons sonde betaal. Dit wat ons ook in ons moeilikste omstandighede van God skei, is dus uit die weg geruim! Jesus het die pad oopgemaak sodat die Heilige Gees ons in en deur die Woord kan lei.

Dit sal ook met jou goed gaan as jy stil raak en luister – en dan gaan lewe volgens die voorskrifte wat die Here jou in sy Woord leer.

Sing: Psalm 146:3,6 Ds JB du Plessis (Lichtenburg)